



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2011

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 11 bladsye.**

## VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS BYGEDRA TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE USSR EN DIE VSA IN DIE 1960's?

### BRON 1A

Die bron hieronder is die standpunt van N Khrushchev, President van die USSR, oor die Kubaanse Missielkrisis.
Geneem uit *Khrushchev Remembers* deur S Talbot.

> Ons het natuurlik Castro se oorwinning verwelkom, maar op daardie tydstip was ons taamlik seker dat die inval slegs die begin was en dat Amerika Kuba nie sou uitlos nie … een gedagte het in my brein vasgesteek. Wat sou gebeur as ons Kuba sou verloor? Ek het geweet dat dit 'n swaar slag vir Marxistiese-Leninisme sou wees. Dit sou ons statuur dwarsdeur die wêreld ernstig aangetas (verklein) het, veral in Latyns-Amerika. As Kuba sou val, sou ander Latyns-Amerikaanse lande ons verwerp, en beweer dat die Sowjetunie ten spyte van hulle mag nie in staat was om iets vir Kuba te doen nie, behalwe om leë protes by die Verenigde Nasies daarteen aan te teken. Ons moes aan 'n manier dink om Amerika met meer as woorde te konfronteer …
>
> Die logiese antwoord was missiele. Ek het die idee gehad om kernmissiele in Kuba te installeer sonder dat die Verenigde State daarvan uitvind, totdat dit te laat was om iets daaraan te doen. Ons het geen begeerte gehad om 'n oorlog te begin nie. Ons het 'n nota aan die Amerikaners gestuur dat ons instem om ons missiele te verwyder op voorwaarde dat die president ons sy versekering gee dat daar geen inval in Kuba deur die Verenigde State-magte sou wees nie … hy het ingegee … Dit was 'n groot oorwinning vir ons … 'n sukses sonder dat 'n enkele skoot gevuur is.


### BRON 1B

Hierdie bron is deel van 'n toespraak wat JF Kennedy, President van die VSA, op 16 Oktober 1962 gemaak het. In hierdie toespraak praat hy oor die Sowjetunie se ontplooiing van missiele in Kuba en hoe die regering van plan was om hierdie krisis te hanteer.
Geneem uit http://www.famousquotes.me.uk/speeches/John_F_Kennedy/2.htm

> … Soos belowe het hierdie regering die Sowjet militêre opbou op die eiland van Kuba noukeurig dopgehou. In die laaste week het daar onmiskenbare bewyse aan die lig gekom dat 'n reeks offensiewe missielterreine nou op daardie afgesonderde eiland voorberei word. Die doel van hierdie basisse kan niks anders wees as om plek te maak vanwaar 'n kernaanslag teen die Westelike Halfrond gevoer kan word nie … Hierdie langafstandwapens wat skielike massavernietiging kan meebring, is 'n besliste bedreiging vir ons vrede en sekuriteit … Ek doen 'n beroep op die Sowjet-regering om 'n einde te maak aan hierdie offensiewe opbou. Ek het streng kwarantyn (blokkade/onder beheer hou) op alle offensiewe militêre toerusting wat na Kuba verskeep word, geplaas. Alle skepe wat na Kuba oppad is …, as daar bevind sou word dat dit vragte met offensiewe wapens bevat, sal teruggestuur word. Op hierdie tydstip ontsê ons egter nie lewensnoodsaaklikhede soos wat die Sowjette in die Berlynse Blokkade van 1948 probeer doen het nie. Ek doen 'n beroep op Voorsitter Khrushchev om af te sien van hierdie weg van wêreldoorheersing en om aan te sluit by 'n historiese poging om die gevaarlike wapenwedloop te beëindig en om die geskiedenis van die mens te verander.

**BRON 1C**

Hieronder is 'n Sowjet-spotprent wat HS Truman, D Eisenhower en R Nixon as oorlogsrawe (roofvoëls) toon wat JF Kennedy aanspoor om sy stryd teen Kuba vol te hou. Die vergrootglas word gebruik om na 'n kaart van Kuba te kyk. Datum onbekend. Geneem uit *Essential Modern World History* deur S Waugh.




**BRON 1D**

Hierdie uittreksel fokus op die impak wat die Kubaanse Missielkrisis op Khrushchev se politieke loopbaan gehad het.
Geneem uit *The Cuban Missile Crisis* deur J Griffiths.

> Die missielterreine is afgebreek en daarmee saam het Khrushchev se aansien in die Sowjetunie verdwyn. In Oktober 1964 is Nikita Khrushchev, die 'missielman', soos hy in die volksmond bekend gestaan het, onttroon (verwyder). Hy het die res van sy dae in beskeie omstandighede in semi-onguns deurgebring. Tog het Khrushchev dwarsdeur die krisis net soveel staatsmanswysheid, beheersing en fermheid as Kennedy getoon. Hy het nie Sowjet-troepe gemobiliseer soos wat Kennedy gemaak het nie, en sy boodskap aan Kennedy het sy kalmte en sy moed getoon.

## VRAAG 2: HOE HET JULIUS NYERERE SE BELEID VAN UJAMAA TANZANIË GEDURENDE DIE 1960's EN 1970's IN 'N SOSIALISTIESE STAAT VERANDER?

**BRON 2A**

Hierdie bron beklemtoon sosialisme en selfstandigheid in Tanzanië onder Julius Nyerere se leierskap. Geneem uit *History of Africa* deur K Shillington.

Nyerere se visie van 'n toekomstige Tanzanië was dié van 'n vooruitstrewende, selfstandige en klaslose samelewing. Hy het dit 'Afrika-sosialisme' genoem ... Sosialisme in Tanzanië moes op plaaslike hulpbronne eerder as op ingevoerde, hoëtegnologie-industrialisasie gebaseer wees. Die land se grootste banke en kapitalistiese maatskappye in buitelandse besit sou genasionaliseer word, dit wil sê, deur die staat oorgeneem word in belang van die mense. 'n Kode vir Leiers het politieke leiers verbied om private rykdom te vergader. Die hoofklem van die regering was op landelike ontwikkeling wat tot selfstandigheid sou lei.

Nyerere het die bymekaarbring van Tanzanië se klomp klein, afgeleë landelike nedersettings in groter, meer doeltreffende dorpies voorgestel. Dit sou dit vir die regering makliker maak om beter paaie en landelike markte, gekombineer met landbouadvies en verbeterde tegnologie, te verskaf. Beter water, gesondheid- en onderwysfasiliteite kon ook meer effektief aan groter, gesentraliseerde dorpies verskaf word. Die beleid het as 'ujamaa' bekend gestaan. 'n Belangrike aspek van 'ujamaa' was die bevordering van die 'Afrika-sosialistiese' beginsels van kollektiewe arbeid tot die voordeel van die gemeenskap. Nyerere het geglo dat as dit op die groter dorpies toegepas sou word, dit landbouproduktiwiteit sou verhoog, wat kollektief-bewerkte landerye in staat sou stel om oorskot vir verkoop aan dorpe of vir uitvoer te produseer.

**BRON 2B**

Die bronne hieronder bestaan uit standpunte oor hoe Nyerere sy beleid geïmplementeer het. Beide hierdie standpunte is uit *The State of Africa* deur M Meredith geneem.

**STANDPUNT 1: Sylvain Urfer, 'n Franse skrywer, verduidelik hoe ujamaa geïmplementeer is.**

Tussen Augustus en November 1974 was dit asof 'n getygolf oor die land gespoel het, met miljoene mense wat op diktatoriale wyse, soms oornag, na onherbergsame landstreke verskuif is wat hulle veronderstel was om in dorpies en landerye te verander. In baie plekke is die weermag ingeroep om iemand wat huiwerig (nie gewillig) was nie, gehoorsaam te maak en om hulle *manu militari* (met gebruik van militêre wapens) te verskuif. In Oktober het dit gelyk asof die land uit een of ander nasionale ramp verrys, met hutte gemaak van takke en blare (struikgewasse) wat in onnet rye langs die paaie gestaan het.

**STANDPUNT 2: Martin Meredith gee sy opinie oor die uitkoms van die hervestiging van mense in nuwe dorpe ('villagisation') (groepslewenswyse/plaasprogram).**

Die ontwrigting wat deur die program van hervestiging van mense in nuwe dorpe ('villagisation') veroorsaak is, het byna tot 'n nasionale katastrofe (ramp) gelei. Voedselproduksie het drasties afgeneem wat die skrikbeeld van hongersnood opgeroep het … Die tekort is deur voedselinvoere opgemaak, maar die land se buitelandsevaluta-reserwes was gou uitgeput. In 1975 moes die regering deur subsidies, lenings en spesiale fasiliteite, wat met die hulp van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank gereël is, en deur meer as 200 000 ton voedselhulp, gered word. In plaas daarvan dat Tanzanië meer selfonderhoudend geword het en sy afhanklikheid van die internasionale markekonomie verklein het, het Nyerere se ujamaa-program dit van buitelandse aalmoese afhanklik gemaak.

**BRON 2C**

Die plakkaat hieronder verduidelik die beleid van ujamaa. Dit is deur die Tanzaniese kunstenaar, D Mwambele, gedoen.
Geneem van die internet op die webtuiste http://www.ntz.info/gen/n01559.html.
Die woorde op die plakkaat is oorgetik omdat dit onduidelik is.

# WHAT IS UJAMAA?

**U**JAMAA MEANS FAMILY TREE OR TREE OF LIFE, AND SHOW HOW**,**

**J**OINTLY DIFFERENT MEMBERS OF MAKONDE TRIBE SURVIVE AND SHOWS DIFFERENT,

**A**SPECTS OF WAYS OF LIFE AMONGST THE TRIBE,

**M**AKONDE TRIBE THE WORLD FAMOUS CARVES UJAMAA FROM ONE PIECE OF EBONY WOOD,

**A**RT, THIS FORM OF ART IS PASSED FROM ONE GENERATION TO OTHER AND,

**A**PPRECIATED BOTH LOCALLY AND INTERNATIONALLY.

Vrye vertaling:

**WAT IS UJAMAA?**

Ujamaa beteken familieboom of boom van die lewe, en toon hoe,
verskillende lede van die Makonde-stam gesamentlik oorleef en toon verskillende, aspekte van lewenswyses in die stam,
die wêreldbekende Makonde-stam kerf ujamaa uit een stuk ebbehout,
kuns, hierdie kunsvorm word van een geslag na die volgende oorgedra, en
word plaaslik en internasionaal waardeer.

**VRAAG 3: WATTER ROL HET DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE 1960's GESPEEL IN DIE TOTSTANDBRINGING VAN VERANDERING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA)?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder verduidelik die nuwe Burgerregtewetsontwerp.
Geneem uit *Twentieth Century History Makers – Martin Luther King Jr.* deur A Ganeri et al.

Dwarsdeur die somer van 1963 het burgerregteprotesoptredes gegroei met optogte, sitbetogings en proteslinies oor die land heen. Die betogers se eise was eenvoudig: vryheid en gelykheid vir swart Amerikaners oral. In die Withuis het President Kennedy besluit dat die tyd uiteindelik gekom het om die Kongres te vra om 'n burgerregtewetsontwerp aan te neem wat 'n einde aan segregasie sou maak. Op die aand van 11 Junie het die President op nasionale televisie verskyn om oor geregtigheid en burgerregte te praat. Hy sou die Kongres vra om hulleself te verbind, soos hy gesê het, aan die voorstel dat 'ras geen plek in die Amerikaanse lewenswyse of wet het nie'. Dr. King was verheug. Alhoewel die voorstel nie so omvattend was as wat hy gehoop het nie, was dit 'n tree in die regte rigting. Nie almal het egter sy siening gedeel nie. Die volgende aand is Medgar Evers, 'n leier van die National Association for the Advancement of Coloured People (NAACP) deur 'n wit man voor sy huis in Jackson, Mississippi doodgeskiet. King het gesê dat hierdie grusame daad die volgende onthul: 'Ons het nog 'n lang, lang pad om met hierdie nasie te loop voordat ons die ideale van menswaardigheid en broederskap bereik.'

**BRON 3B**

Die bron hieronder fokus op die optog na die Lincoln-gedenkteken vir werk en vryheid wat op 28 Augustus 1963 gehou is.
Geneem uit *Civil Rights March on Washington* deur S Ross.

Niemand was seker oor hoeveel mense vir die betoging in Washington, DC sou opdaag nie. Party wat uit die Suide gereis het, is geteister en gedreig. Maar op 28 Augustus 1963 het 'n geraamde kwartmiljoen mense, van wie ongeveer 'n kwart wit was, van die Washington Monument na die Lincoln-gedenkteken gemarsjeer wat uitgedraai het om sowel 'n protesoptog as 'n gemeenskaplike feesviering te wees. Die swaar polisieteenwoordigheid het geblyk onnodig te wees aangesien die optog gekenmerk is deur beskaafdheid (hoflikheid) en vreedsaamheid. Die optog is wyd deur die media gedek, met direkte internasionale televisiedekking.

**BRON 3C**

Die foto hieronder toon Martin Luther King Jr. wat die opmars na die Lincoln-gedenkteken op 28 Augustus 1963 lei.
Geneem uit *Makers of the 20th Century* deur A Fairclough.




**Martin Luther King Jr.**

**BRON 3D**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur Malcolm X. Dit is in Detroit in 1964 gelewer en is 'Die Stembrief of die Koeël' ('The Ballot or the Bullet') genoem.
Geneem uit *The Civil Rights Movement and the Legacy of Martin Luther King Jr.* deur G Puckrein.

... Hierdie land is skynheilig ('n huigelaar). Hulle maak daarop aanspraak dat hulle jou vrymaak deur jou 'n tweedeklasburger te noem. Nee, jy is niks anders as 'n 20ste-eeuse slaaf nie. So, waarheen gaan ons van hier af? Eerstens het ons 'n paar vriende nodig. Ons het nuwe bondgenote nodig. Die hele burgerregte-stryd het nuwe interpretasie, wyer interpretasie nodig.

Wanneer jy die burgerregte-stryd tot op die vlak van menseregte uitbrei, kan jy die saak van die swart man in hierdie land na die nasies van die VN neem. Jy kan Uncle Sam voor die wêreldhof daag. Burgerregte hou jou onder sy (Amerika se) beperkings, onder sy jurisduksie (beheer). Burgerregte beteken jy vra Uncle Sam om jou reg te behandel. Menseregte is jou Godgegewe reg. Brei die burgerregte-stryd uit na die vlak van menseregte toe, vat dit na die Verenigde Nasies toe, waar ons broeders uit Afrika hulle gewig aan ons kant kan ingooi, waar ons Asiatiese broeders hulle gewig aan ons kant kan ingooi, waar ons Latyns-Amerikaanse broeders hulle gewig aan ons kant kan ingooi …

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: WATTER IMPAK HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN OP SUID-AFRIKA IN DIE 1970's GEHAD?

### BRON 4A

Die volgende is deel van die getuienis wat Steve Biko by die Black People's Convention (BPC) en Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) -verhoor in Mei 1976 gelewer het.
Geneem uit *I Write What I Like – A Selection of his Writings* deur S Biko.

Ek dink basies verwys Swart Bewussyn na die swart man en sy situasie, en ek dink die swart man word aan twee magte in hierdie land onderwerp. Eerstens word hy deur 'n eksterne wêreld onderdruk deur geïndustrialiseerde masjinerie (staatsliggame), deur wette wat hom inperk en hom keer om sekere dinge te doen, deur moeilike werksomstandighede, deur swak betaling, deur baie moeilike lewensomstandighede, deur swak onderwys. Dit is alles eksterne faktore. Tweedens, en dit beskou ons as die belangrikste, het die swart man in homself 'n sekere staat van vervreemding (isolasie) ontwikkel. Hy verwerp homself, presies omdat hy die betekenis wit aan alles wat goed is koppel. Met ander woorde, hy assosieer goed met, en hy stel goed gelyk aan, wit. Dit ontstaan uit sy lewenswyse en uit sy ontwikkeling van sy kinderdae af. Wanneer jy byvoorbeeld skool toe gaan, is jou skool nie dieselfde as die wit skool nie en, *ipso facto* (gevolglik), die gevolgtrekking waartoe jy kom, is dat die onderrig wat jy daar kry, nie dieselfde kan wees as dit wat die wit kinders by hulle skool kry nie.


### BRON 4B

Hierdie bron is 'n transkrip van 'n onderhoud met Gertrude Fester. Gertrude Fester was 'n lid van die United Women's Congress. Sy is in 1988 aangehou en beskuldig van terrorisme. Haar verhoor het in April 1989 begin.
Geneem uit *Lives of Courage* deur D Russell.

Om minderwaardig te voel omdat jy swart is, is iets wat lank vat om van ontslae te raak. Miskien het die feit dat ek uit Suid-Afrika was en met ander mense in 'n ander land gemeng het, my gehelp om myself na waarde te skat. Om deel te neem aan die Swartbewussynsbeweging het ook baie gehelp. Dit was die begin van my politieke betrokkenheid. Daardeur het ek tot die besef gekom dat daar niks met my verkeerd is omdat ek swart is nie. Dit is belangrik om trots te wees op wat jy is. Ek onthou die gesegde wat ons gehad het dat 'Swartbewussyn nie 'n kleur is nie, dis 'n geestestoestand (ingesteldheid)'. Ons het geestelike emansipasie (vryheid) gesoek.

**BRON 4C**

Die plakkaat hieronder toon die Zanempilo Gemeenskapgesondheidsentrum wat in King William's Town gebaseer was. Die projek is deur S Biko begin om die idees van Swart Bewussyn meer prakties en bereikbaar te maak. Geneem uit *Biko – The Quest for a Future True Humanity*.




**Zanempilo Gesond-heidsentrum**

Vertaling:

Die Zanempilo Gemeenskapgesondheidsentrum, in die landelike gemeenskap van Zinyoka buite King William's Town, was 'n baie suksesvolle gesondheidsprojek. Dit was 'n geesteskind van Biko. Die kliniek het gehelp om gesondheidstoestande in die omliggende Oos-Kaapse dorpies te verbeter.

## ERKENNINGS

Visuele en ander historiese bewyse is uit die volgende bronne geneem:

Biko, S. 1978. *I Write What I Like – a selection of his writings* (Johannesburg; Picador Africa)
Bottaro, J et al. 2007. *In Search of History Grade 12* (Oxford; Oxford University Press)
Brooman, J. 1992. *The Age of Excess* (New York; Longman)
Bullard, S. 2000. *Free at Last: A History of the Civil Rights Movement and Those Who Died in the Struggle* (Oxford; Heinemann)
Chrisp, P. 2002. *20th Century Leaders* (Great Britain; White Thompson Publishers)
Dugmore, C et al. 2007. *Viva History – Grade 12* (Cape Town; Vivlia Publishers)
Fairclough, A. 1990. *Makers of the 20th Century* (Great Britain; Macdonald Publishers)
Friedman, M et al. 2007. *Focus on History: Looking into the Past Grade 12* (Cape Town; Maskew Miller Longman)
Ganeri, A et al. 2006. *Twentieth Century History Makers – Martin Luther King* (London; Franklin Witts)
Govender, SP et al. 2006. *New Generation History Grade 12* (Durban; New Generation Publishing Enterprises)
Graves, F et al. 2006. *Moments in History* (Cape Town; Juta Gariep)
Griffiths, J. 1986. *The Cuban Missile Crisis* (New York; Longman)
http://www.famousquotes.me.uk/speeches/John_F_Kennedy/2.htm
http://www.ntz.info/gen/n01559.html.
Meredith, M. 2005. *State of Africa: History of Fifty Years of Independence* (London; J Ball)
Puckrein, G. 1993. *The Civil Rights Movement and the Legacy of Martin Luther King Jr* (Washington; Macdonald Publishers)
Ross, S. 2001. *Civil Rights March on Washington* (London; Oxford University Press)
Russell, D. 1989. *Lives of Courage-Basic Books* (London; David Phillip Publishers)
Shillington, K. 1995. *History of Africa* (New York; St. Martins Press)
Smith, N. 2000. *The USA 1917–1980* (Oxford; Oxford University Press)
Steve Biko Foundation. 2007. *Biko – The Quest for True Humanity*
Talbott, S (ed). 1974. *Khrushchev Remembers* (Boston; Little Brown)
Waugh, S. 2001. *Essential Modern World History* (Italy; Canale)